

MAART: God se verlossingstroos uitgespel in die Briewe, Hebreërs en Openbaring

Maandag 25 Maart

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:17-21 (AFR2020)

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:17-19

God is 'n God van genade

Ons gebede begin dikwels met die woorde “Ons Vader …” Om God Vader te noem, is 'n gewigtige saak. In die gedeelte wat ons uit Petrus se brief gelees het, hoor ons hoe gewigtig hierdie benaming is.

Eerstens, as ons God ons Vader noem, moet ons dit met groot ontsag doen – met vrees, sê die 1953-vertaling. God is immers nie ons speelmaat nie, nie 'n “Pappa-God” soos sommige mense Hom soms onnadenkend noem nie. God is heilig, en Hy verduur niks voor Hom wat onheilig is nie. Wanneer ons Hom as Vader aanroep, doen ons dit dan met die vaste voorneme om van ons sonde ontslae te raak. Want wie God sy Vader wil noem, moet self heilig wees.

Genadiglik is dit nie al nie. As ons eie heiligeid die enigste voorwaarde was, sou nie een van ons God Vader kon noem of in gebed na Hom toe kon gaan nie. Want nie een van ons is heilig nie. Ons is almal sondaars (Rom. 3:10-18). As dit van ons afgehang het, sou God ons deur sy oordeel verwerp het tot in die ewige dood. Maar God is nie net 'n God van geregtigheid en oordeel nie; Hy is ook 'n God van genade. In vers 19 beskryf Petrus God se genade aan elkeen wat in Hom glo. God het ons van die oordeel oor ons onheiligeid bevry – losgekoop met die kosbare bloed van Christus.

Ja, met sy kruisoffer het Christus die straf wat op ons moes neerkom, vir ons gedra. Ook het Hy die ewige dood waarop ons afgestuur het, in ons plek ondergaan, en met sy opstanding die mag van die dood oor ons verbreek. Verder het Hy sy volmaakte heiligeid aan ons geskenk, sodat ons, beklee met sy heiligeid, tot God mag nader en Hom ons Vader kan noem – reeds nou wanneer ons bid, en ook eendag in die voleinding.

Watter wonderlike voorreg om te weet dat ons in Christus volkome geregtigheid en heiligeid voor God ontvang het, sodat ons nou sy kinders is en Hom met vrymoedigheid ons Vader kan noem!

Sing Skrifberyming 33 (2-4):1, 3

Prof. GJC (Gert/Jorrie) Jordaan (Emeritus)